



Verfraai jou dubbelbed

BENODIGDHEDE: Ongeveer 3 kg wit Fiesta Nr. 5 (250-g-keëls), hekelpen van 2 mm.

MATE: Ongeveer 220 x 250 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; osk - oop skulp (2 langbene, 2 kettingsteke en 2 langbene, almal in dieselfde steek of spatie); B - bobbel (5 langbene, trek hekelpen uit laaste lus, steek in eerste van dié 5 langbene, tel dan lus van laaste langbeen weer op, slaan garing om hekelpen en trek deur al die lusse op pen); herh - herhaal; st(e) - steek(steke); sp(s) - spatie(s).

AANWYSINGS: Begin met 9 ks, verbind met gs om 'n ring te vorm.

1e rondte: (3lb, 3ks) 6 keer, sluit met gs.
2e rondte: (2lb, 2ks, 2lb d.w.s., een osk) in 3ks-sp, 2ks; herh rondom.
3e rondte: *osk in osk, 2ks, 1lb in vlg sp, 2ks; herh rondom.
4e rondte: *osk in osk, 2ks, 1lb in sp, 2ks, 1lb in vlg sp, 2ks; herh rondom.
5e rondte: *osk in osk, 2ks, 1lb in sp, 2ks, 1smst in middelste sp, 2ks, 1lb in vlg sp, 2ks;

herh rondom.

6e rondte: *osk in osk, 2ks, 1lb in sp, 2ks, 1B in 2ks-sp, 2ks, 1B in vlg 2ks-sp, 2ks, 1lb in vlg sp, 2ks; herh rondom.

7e rondte: osk in osk, 2ks, 1lb in sp, 2ks, 1B in 2ks-sp, 1ks, 3lb in 3ks-sp, 1ks, 1B in vlg sp, 2ks, 1lb in sp, 2ks; herh rondom.

8e rondte: osk in osk, 2ks, 1lb in sp, 2ks, 1B in 2ks-sp, 1ks, 2lb in 1ks-sp, 3lb in 3lb, 2lb in 1ks-sp, 1ks, 1B in 2ks-sp, 2ks, 1lb in sp, 2ks; herh rondom.

9e-13e rondte: Hekel voort soos gestel met telkens 2 ekstra lb aan weersk van middelste lb-paneel tot daar in 13e rondte 27lb in die driehoekige lb-paneel is.

Hekel soveel seshoeke soos benodig en hekel hulle in die laaste rondte van elkeen aan die vorige vas om 'n groot reghoek te vorm.

OMRANDING: Hekel oor 2 lang kante en een kort kant van deken soos volg: kb in die sps by punte en in sluit-st en 1e 2lb van langbeenpaneel van sykant; ** slaan 3lb oor, 5lb in vlg sp, slaan 3lb oor, 1lb in vlg lb**; herh van ** tot ** 4 keer, 1kb in laaste lb van sykant en in smst, 5lb in osk-sp, 1kb in st tussen 2 seshoeke, 5lb in vlg osk-sp.

SIERBOLLETJIES (opsioneel): Vorm klein bolletjies van watte of kapok en hekel met kb in spiraalvorm oor dié bolletjies tot hulle heeltemal bedek is; hekel dan 'n kort ketting om bolletjie aan kant van bedsprei vas te heg soos op foto gesien kan word. Hekel soveel bolletjies soos benodig. ●

